Horison Sorgsentrum
Januarie 2020
Blikkieskos projek

Horison Sorgsentrum is 'n stimulasie- en versorgingsentrum vir erg en uitermatig gestremde kinders en volwassenes. Almal het breinskade en party is ook liggaamlik gestremd en / of blind. Die sentrum is uniek vanweë die feit dat daar voorsiening gemaak word vir kinders van alle ouderdomme wat onopleibaar gestremd is.

So het dit het onder ons aandag gekom dat die Sorgsentrum 'n groot behoefte het vir kruideniersware vroeg in Januarie aangesien die spens en bankrekening gewoontlik leeg is na die lang vakansie. En weereens was ons projek, alhoewel kleiner as voriges, 'n reuse sukses, want so het jul jul waens leeggemaak met bydraes vanaf AJV tot na ons laaste kamp Jan 2020, en daar is ook nog aankope gedoen met die fondse wat geskenk is.

Daar is vanoggend onder andere blikkies groente en ander blikkies kosse, Mabela en Oats pap, mielie meel, aanmaak koeldranke, sout, suiker, rys, pasta ens afgelewer, ontvang deur 2 van die ouer kinders soos per onderstaande foto.

Weereens baie dankie aan almal wat gehelp het om vir die volgende paar weke hierdie Engel-kindertjies se magies vol te hou - jul samewerking word waardeer (onderstaande fotobeelde spreek vanself).

Groete

Tjaart - 30/01/2020

More ons liewe vriende van SAWA Rietvallei

Toe Tjaart vanoggend hier stop het ek gedink dat Kersfees 11 maande te vroeg by Horison arriveer het.

Baie baie dankie vir julle mildelike skenking van blikkies kos ens. Ons spens was lanklaas so vol kos en ons belowe om dit spaarsamig te gebruik.

Ons het vir die van Tonder-gesin, wie baie baie arm is, 'n pakkie met nie-bederfbare blikkies opgemaak wat ons vanmiddag sal stuur. Albei ouers ontvang slegs SASSA pensioene aangesien hulle verstandelik gestrem is en nie in staat is om te werk nie.

Nogmaals baie dankie ons waardeer dit opreg.

Horison groete

Rina.

Swaar gelaaide kattebak

Die foto spreek vanself.